



Wat is die betekenis van bely in Romeine 10:9-10?

⁹ As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. ¹⁰ Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek, en met die mond bely ons, en ons word gered.

In hoofstukke 3 en 4 van Romeine het die apostel Paulus aangetoon dat 'n mens ongetwyfeld vir ewig voor God geregtig is net op die grondslag van geloof alleen in Jesus Christus alleen. Waarom dan sê hy in hoofstuk 10 dat 'n mens "die Here Jesus moet bely" vir verlossing?

Sekere onaanvaarbare beskouings

'n Paar verduidelikings vir die betekenis van *bely* is strydig met Paulus se beskouing van regverdigverklaring – verlossing deur geloof alleen. As dit byvoorbeeld beteken dat 'n mens om te bely 'n hoorbare, mondelinge verklaring van geloof in Jesus aan 'n ander persoon of aan 'n Christelike vergadering moet maak, is dit 'n toevoeging tot geloof alleen. Dit sou ook waar wees as belydenis verstaan word as publieke Christelike doop of Christelike gedrag. Die kwessie word verder gekompliseer wanneer 'n mens "bely die Here Jesus" interpreteer as 'n sekere verbintenis wat Jesus Meester van 'n mens se hele lewe maak. Dit weerspreek beslis die gratis geskenk van regverdigheid deur geloof alleen.

Die woord op sigself

Ons kry 'n bitjie hulp as ons die woord *bely* verstaan van sy Griekse oorsprong, *homologeō*. Die stamme *homo*, wat *eenders* beteken, en *logeō*, om te *praat*, beteken *om dieselfde ding te sê*, of *saamstem*. *Bely* beteken om 'n algemene opvatting te deel, of toe te gee of te erken dat iets waar is. Daar is niks omtrent die woord op sigself wat 'n publieke of mondelinge verklaring aan ander vereis nie. Twee keer in Romeine word die belydenis aan God gedoen (14:11; 15:9; vergelyk die gebruik daarvan in 1 Johannes 1:9).

Die konteks

Paulus skryf hoofsaaklik aan die Jode in Rome (10:1-3), hoewel hierdie waarheid op alle mense van toepassing is (10:4, 11-13). Sy Joodse volksgenote is nie vir ewig gered nie, want hulle het Christus se regverdigheid verwerp terwyl hulle hul eie wou vestig (10:3). Die Jode moes *glo* in Jesus Christus as hul Messias; met ander woorde, hulle moes Hom *bely*, om te erken dat net Jesus aan hulle regverdigheid kon gee. *Bely* het daarom dieselfde belangrikheid as *geloof* (vergelyk hoe *bely* gebruik word in 1 Johannes 2:23; 4:2-3; 2 Johannes 7). Die belydenis, soos met geloof, is op God gerig, nie mense nie. Geloof is die uitstaande kwessie in die konteks (10:4, 6, 11, 14, 17). Paulus se afwisselende gebruik van *bely* en *glo* in verse 9-11 dui op 'n soortgelyke betekenis, net soos geloof en aanroeping van God in verse 11-13.

Die aanhaling uit Deuteronomius

In verse 6-8 haal Paulus Deuteronomius 30:12-14 aan om die Jode te herinner aan wat hulle reeds gehoor het en dalk selfs memoriseer het. Dit was nie nodig dat hulle uitgebreid moes soek vir God se regverdigheid nie. Dit was en is geredelik beskikbaar – so naby as hul monde en harte. Al wat die Jode moet doen, is om saam te stem met of die waarheid van God se getuigenis in die Ou Testament te erken oor regverdigheid in die Messias, om te glo in Jesus Christus. Die mond en hart is intrinsiek verbind (Matt. 12:34; Lukas 6:45) soos weerspieël in beide die Deuteronomius-aanhaling en Paulus se gebruik daarvan.

Om “die Here Jesus te bely” beteken eenvoudig om te erken dat Jesus is wie God gesê het Hy is, die Messias en Verlosser. Die benoeming “Here” in vers 9 en in die aanhaling uit Joël 2:32 in vers 13 vertaal die goddelike naam *YHWH*, wat die primêre betekenis van goddelikheid het. Om dit *heerskappy* te laat beteken lyk arbitrêr, aangesien Jesus se goddelikheid baie goddelike rolle insluit (Skepper, Regter, Hoëpriester ensovoorts).

’n Alternatiewe standpunt

Daar is ’n ander beskouing van *bely* in hierdie Skrifgedeelte wat nie Paulus se lering van regverdigverklaring deur geloof alleen weerspreek nie. Hierdie beskouing begin met die aanname dat die toorn wat die mensdom beleef tydelik is (1:18) en nie ewige toorn of veroordeling insluit nie. Romeine 10:9-13 verduidelik hoe die Jode kan ontsnap aan God se tydelike toorn van hul vervolgende vyande. Om die Here Jesus te bely en die naam van die Here aan toe roep beteken om publiek aan te sluit by die aanbidding van die gelowige gemeenskap. Die belofte van God se regverdigheid en verlossing in die konteks van Romeine 10 is egter nie eksklusief tot die Jode nie (10:4, 11-13). Hierdie beskouing interpreteer verlossing ook as suiwer tydelik en wys op Paulus se gebruik van Joël 2:32 in vers 13 as ’n belofte aan Israel vir verlossing van hul vyande in die laaste dae. Terwyl dit waar is, val die toekomstige verlossing van Israel van sy vyande saam met sy geestelike verlossing van veroordeling (Obad. 17; Zach. 12:1-10). Paulus het dit dalk as ’n algemene beginsel gebruik dat die geloof van almal wat God aanroep (glo) vir verlossing (wat ewige verlossing insluit) beantwoord sal word. Terwyl hierdie beskouing konsekwent is met ewige verlossing as ’n gratis geskenk, gee dit nie voldoende aandag aan die oorheersende konteks van Israel se gebrek aan regverdigheid nie en hoe hulle dit kan verkry (10:1-8).

Gevolgtrekking

Gewege die beklemtoning in die konteks van Israel se gebrek aan geloof om God se regverdigheid te verseker, lyk dit asof *bely* gebruik word in die lig van Deuteronomius 30:12-14 om te verwys na Israel se (en almal se) noodsaak om saam te stem met God dat regverdigheid nie verkry word deur die beloofde Messias, Jesus Christus. Dit is geredelik beskikbaar vir diegene wat erken God was en is reg. Soos wat Paulus vroeër geleer het (hoofstukke 3-4), kom die regverdigverklaring van God nie deur ons eie inspanning of enigiets wat ons doen nie. Dit kom net deur geloof in God se getuigenis oor die goddelike Verlosser, Jesus.